

“Skimmespel van die waarsêers”: Politieke sensuur in Suid-Afrika, c. 1980-1989. ’n Historiese perspektief

“Shadow-play of the soothsayers”: Political censorship in South Africa, c.1980-1989. An historical perspective

JAN-AD STEMMET

Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat
stemmetj.hum@ufs.ac.za



Jan-Ad Stemmet

DR. JAN-AD STEMMET is ’n senior lektor in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy verwerf sy doktorsgraad in 2002 aan die UV. Sy proefskrif handel oor die Suid-Afrikaanse politieke krisis van die 1980’s. Sy fokusgebiede sluit in aspekte rondom media- en kultuurgeskiedenis, asook die fenomeen van politieke terreur. Die beginsel van sensuur en vryheid van spraak, hetsy sosiaal, artisties of polities, lê hom na aan die hart en in dié verband publiseer hy verskeie artikels. Hy is ook medeskrywer van “’n Lewe van sy eie – Die biografie van Volksblad”.

DR JAN-AD STEMMET is a senior lecturer in the Department of History at the University of the Free State. He received his doctoral degree at the UFS in 2002. His thesis focused on the South African political crisis of the 1980s. His focus areas include aspects concerning media and cultural history, as well as the phenomenon of political terror. The principle of censorship and freedom of speech, irrespective of whether social, artistic or political, is close to his heart. He has published several articles in this regard. He is also co-author of “’n Lewe van sy eie – Die biografie van Volksblad” (A life of its own – The biography of Volksblad).

ABSTRACT

“Shadow-play of the soothsayers”: Political censorship in South Africa, c.1980-1989. An historical perspective

It is not farfetched to argue that South Africa has a culture of censorship rather than a culture of freedom of speech. Too easily politicians were/are seduced by the ease of censorship. Too easily the public has granted the nationalisation of this right. As apartheid, and the opposition against it grew, so too did political censorship. The evolution of censorship in South Africa was unabated. Apartheid was dependent on control. Furthermore, for apartheid to succeed it demanded not only a subordinate populace but a conformed society. Especially conformity-in-thought. It was essential that the different societies knew their place by not merely accepting it, but indeed also believing it. Free thinking could too easily lead to contagious rebelliousness. Censorship, in many ways, does not have a logical point of saturation. The more censorship, particularly of a political kind,

flourishes, the more ground it needs to keep on covering. At least this was the case in South Africa. The vacuum left by the censors was eagerly filled by government propaganda.

Eventually, having grown increasingly disillusioned with an antagonistic world and paranoid about its motivations, the apartheid state rethought its international position. Although apartheid, ever since its conception, solicited criticism and protest from a world which was developing in the exact opposite direction, during the late 1970s the South African minority leaders reconsidered the never-ending swell of pressures. For them the panoramic pressures and criticisms were no mere indication of a world which refused to accept the logical humanity of apartheid. It was the culmination of a multidimensional Communist conspiracy operating on a global level. It was the so-called Total Onslaught. In reaction, the minority government executed an all-encompassing counterstrategy of its own, the Total Strategy.

At the heart of both the Total Onslaught and Total Strategy was a so-called struggle for the hearts and minds of the people. Information, naturally, formed a cardinal part of the crux. Freedom of speech, as such, was placed within the cadre of state security. Accordingly, information which was, or had the potential to be degrading or critical of the authorities or the political status quo was evaluated as possibly being part of the Total Onslaught's campaign of psychological warfare. Breaking down the people's trust in their leaders and their will to fight, according to the government, was a classic strategy of the enemy to ease their planned takeover. To protect South Africans by being duped by this phantasmagoric onslaught they had to surrender freedom of speech for their own benefit.

By the 1980s censorship was an extensive and sophisticated aspect of the state machinery. Freedom of speech, as defined by the regime, was bestowed upon the responsible burgers. The South Africa of the 1980s exemplifies in many ways a climax of contradictions. Through, within context, epic reforms the government of P.W. Botha made the apartheid state more "open". This openness trickled through to freedom of speech. Simultaneously, Pretoria welded a nearly impenetrable bulwark of political censorship. Information did not necessarily imply an informed. Truth depended on government officials' stamps of authenticity. Reality became relative.

This article examines the question why the Botha government, as part of its multidimensional Total Strategy, deemed censorship necessary. Furthermore, it looks at how the evolutionary system of interwoven censorship appeared and how it was applied. After 1994 a considerable number of South Africans, especially many whites, declared that they had not known. In conclusion the effect of it on the South African society will be examined.

KEY CONCEPTS: Apartheid, political censorship, political violence, state of emergency, Total Onslaught, Total Strategy, P.W. Botha government, Bureau of Information, South African Broadcasting Corporation, propaganda

TREFWOORDE: Apartheid, politieke sensuur, politieke geweld, noodtoestand, Totale Aanslag, Totale Strategie, P.W. Botha regering, Buro vir Inligting, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, propaganda

OPSOMMING

Dit is nie vergesog om te argumenteer dat Suid-Afrika eerder 'n *kultuur van sensuur* as vryheid van spraak het nie. Té maklik was/is politici in die land deur die plesier van sensuur verlei. Té rustig het die publiek die nasionalisering van hierdie vryheid toegestaan. Namate apartheid, en die opposisie daarteen, gegroei het, het politieke sensuur toegeneem. Die vakuum gelaat deur die sensors is geesdriftig deur regeringspropaganda gevul. Teen die 1980's was sensuur 'n uitgebreide

en gesofistikeerde aspek van die staatsmasjinerie. Vryheid van spraak is aan die *verantwoordelike* volksgenote toevertrou. Die Suid-Afrika van die 1980's versinnebeeld in vele opsigte 'n klimaks van teenstrydighede. Deur, binne konteks, epiese hervorming maak die regering van P.W. Botha die apartheid-staat "oper". Hierdie openlikheid syfer deur tot vryheid van spraak. Terselfdertyd het Pretoria 'n haas ondeurdringbare bolwerk van politieke sensuur gesweis. *Inligting* het nie noodwendig 'n ingeligte veronderstel nie. *Waarheid* het van regeringsamptenary se egtheidstempel afgehang. *Werklikheid* het relatief geword. Hierdie artikel ondersoek waarom die Botha-regering, as deel van sy multidimensionele Totale Strategie, sensuur nodig geag het. Verder word gekyk na hoe die evolusionêre vlegwerk van sensuur daarna uitgesien het en hoe dit toegepas is. Ná 1994 verklaar veral witmense dat hulle *nie geweet het nie*. Ten slotte word die effek van die bespreekte sensuur op die Suid-Afrikaanse samelewing in oënskou geneem.

1. INLEIDING: TOTALE AANSLAG, TOTALE STRATEGIE

Alle vryheid bring verantwoordelikheid mee, maar die uitbouter en die parasiet wil vryheid sonder verantwoordelikheid hê – hulle wil bandeloosheid hê: Dit is die grootste wanbegrip van vryheid denkbaar. Agter hierdie wanbegrip wil hulle skuil en as hulle tot verantwoording geroep word, word die kreet aangehef dat die vryheid van publikasie geskend word, terwyl die uitbouter en die parasiet op die vryheid van publikasie geen aanspraak hoegenaamd kan maak nie. Dit geld ook diegene wat in die Unie vry wil wees om ongewenste publikasies uit te gee sonder om die fundamentele verantwoordelikheid wat noodwendig daarmee gepaard gaan na te kom.

So lui die *Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Ongewenste Publikasies* van 1957 (Suid-Afrika: 17).

In sy pamflet *Kommunisme die Vuurrooi Draak* skryf dr. J.D. "Koot" Vorster (s.a.: 14-15):

Die volk wat uit die kloue van die Rooi Draak wil bly, moet gedurig op sy hoede wees. Die Kommunisme is wel 'n bese mag wat hom ten doel stel om die wêreld te verower deur 'n totale oorlogvoering met alle mag en middele, en gesteun deur die Owerste van die Duisternis, maar niemand kan die idee kry dat die Kommunisme nie gestuit kan word nie ... Ons volk moet geleer word om nie ons eie afbrekend te kritiseer en die propaganda van die vyande na te praat nie.

Tydens die Internasionale Simposium oor Kommunisme, deur die Nasionale Raad teen Kommunisme in 1966 gehou, het die redakteur van *Die Kerkbode*, dr. Andries Treurnicht (134-135), oor vryheid van spraak geargumenteer:

Dis haas onnodig om te sê dat ons hiervolgens vrye verspreiding van Kommunistiese lektuur moet toelaat ... dit wil sê die propagering van revolusie moet duld; met ander woorde onder die dekmantel van vreedsame naasbestaan geen strooi in die weg moet lê vir die beplanning van die omverwerping van die staat ... en die likwidasië van die kapitalisme as die vyande van die internasionale werkersklas oogluikend moet toelaat.

Apartheid het van meet af aan kritiek en protes, plaaslik en vanuit die buiteland, ontlok. Terwyl apartheid, as ideologie en stelsel, ontplooi is, het die wêreld as sodanig lynreg in die teenoorgestelde rigting beweeg. Dekolonisasie; twee supermoondhede (sonder 'n geskiedenis van kolonisasie) wat in die storm en drang van die Koue Oorlog om die steun van nuut onafhanklike state wedywer; asook voortspruitend uit die Tweede Wêreldoorlog, 'n liberalisties ingestelde wêreldorde met

ononderhandelbare klem op universele gelykheid in universele menseregte. Internasionale prosesse en universele strominge kulmineer daarin dat die sogenaamde apartheidstaat net meer as 'n seer toon uitstaan.

Bo en behalwe afkeer van apartheid *per se*, het gebeure soos die Rivonia-hofspraak, die Sharpeville-skieters, die Soweto-onluste, die dood van Steve Biko, en die betrokkenheid by Namibië en Angola op skouspelagtige wyse aandag op Suid-Afrika gevestig en die land se aansien verder geskaad. Die muishond-status kon dalk periodiek getem word, maar solank as wat die stelsel bestaan het, kon dit nie verwyder word nie. Teen die 1970's het die regering uit desperaatheid probeer om apartheid op meriete te bemark. Dit sou as die Inligtingskandaal ontplof en die land se beeld en posisie verder lamlê. Met die evolusionêre invloed van die Totale Strategie sou hierdie druk en protes en kritiek stelselmatig anders geïnterpreteer word. Vryheid van politieke spraak, veral teen apartheid, is tot op daardie stadium in verskillende mate verduur.

Kommunistiese spraak, aan die ander kant, was vir Suid-Afrika 'n haas mistiese ewel waarteen met hart en siel gewaak is. Die Totale Strategie van die regering van P.W. Botha sou die skeidslyne tussen Kommunistiese propaganda en die bevordering van die Kommunistiese aanslag aan die een kant en (nie-Kommunistiese) anti-apartheid-kritiek aan die ander kant interpreteer. Vir Pretoria in die 1980's het albei op dieselfde neergekom en moes albei oor dieselfde kam geskeer word. Die land hoef nie 'n meerderheid bekeerde Kommuniste te hê vir die Kommunistiese aanslag om te kon seëvier nie. Net genoeg mense moes wankel in hul loyaliteit aan die Suid-Afrikaanse bestel vir die Kommuniste om te triomfeer. As sulks was pro-Kommunistiese spraak en (anti-Kommunistiese) anti-apartheid-aanvalle vir die regering ewe gevaarlik.

Sogenaamde radikale joernalistiek en/of onverantwoordelike verslaggewing, soos deur die regering bestempel, was net so gevaarlik as blatante Kommunistiese propaganda. Anti-Kommunisme was geen vrywaring meer nie, per implikasie was die weergee van steriele feite, sonder redaksionele aktivisme en politieke voorkeur, ook 'n moontlike gevaar – mits dit tot 'n afname in die owerheid se beeld kon lei en of 'n moontlike verlies aan vertroue in die land kon stook. In die 1980's sou Suid-Afrika 'n sogenaamde stryd om die hart en verstand van die mense beleef.

Inligting, vanselfsprekend, was hierin 'n kardinale deel van die kruis. Vryheid van spraak, as sulks, is deur die regering in die konteks van die real sekurokratiese geplaas. Oor dekades heen is vryheid van spraak en toegang tot inligting tot 'n groot mate in Suid-Afrika genasionaliseer; onder die Totale Strategie sou dit gemilitariseer word.

Hierdie artikel fokus op hoe inligting gemilitariseer is. Hoe vryheid van spraak genasionaliseer is. Spesifiek word gelet op: Die beginsel van Totale Aanslag en Totale Strategie; maatreëls wat die regering ingespan het om politieke vryheid van spraak en die vloei van inligting te beheer, onder meer spesiale regulasies; spesiale burokratiese strukture, spesifiek die Buro van Inligting; asook Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se bydrae tot die Totale Strategie. Hul beskouing van negatiewe kritiek daargelaat, die regering het nie 'n meesterplan rakende die media gehad wat net ontplooi kon word nie. As sulks is strukture en regulasies deurlopend, soos omstandighede genoop het, uitgebrei.

'n Allesomvattende intrinsieke analise van politieke vryheid van spraak met inbegrip van al die uitlopers, soos in die 1980's aangetref, in 'n enkele artikel aangedurf, is nie moontlik nie. Die artikel stel ten doel om 'n historiese verkenning en perspektief van die genoemde aspekte daar te stel. 'n Suiwer chronologiese benadering tot die periode, inaggenome die beperkte spasie, is onprakties. Hoewel die indeling die risiko loop om fragmentaries voor te kom, word tematiese fokus daardeur versterk.

2. INLIGTING EN VRYHEID VAN SPRAAK MIDDE-IN DIE TOTALE AANSLAG EN DIE TOTALE STRATEGIE

Dit was nie 'n rasse-oorlog nie! Dit was 'n oorlog teen Kubaanse en Russiese Kommunisme. Ek het voorspel dat daar 'n Totale Aanslag teen Suid-Afrika is. Ek het dit in die parlement gesê – daar is 'n Totale Aanslag, sielkundig, polities, ekonomies en militêr. En ek het gesê ons moet 'n Totale Strategie daarteen ontwikkel. In die tagtigerjare was die aanslag teen Suid-Afrika groter as te vore. Dit was 'n aanslag wat homself geopenbaar het in Suid-Afrika, in Angola, in die val van die Portugese gebiede en aangevuur deur internasionale magte, waaronder Rusland en Kuba 'n groot rol gespeel het.

So het P.W. Botha self in 2000 (Stemmet-privaatversameling) die Totale Aanslag, wat haas sinoniem met sy presidentskap was, verwoord. Die Botha-regering het die kritiek en druk op die land nie bloot gesien as die resultaat van 'n politieke stelsel wat onaanvaarbaar vir die meerderheid van Suid-Afrikaners, asook die wêreld was nie. Vir Pretoria was dit 'n onderdeel van 'n strategiese epiek. Die Totale Aanslag het daarop neergekom dat die wêreldwye anti-apartheid-veldtogte deel van 'n uitgebreide Russiese komplot was om Suid-Afrika in te palm as deel van 'n strewe om die wêreld te annekseer. 'n 1982-uiteensetting van die Totale Aanslag aan P.W. Botha (INEG PS12/6/1) meld ses fases:

1. 'n Revolusionêre klimaat word gekweek;
2. Terreurstryd;
3. Internasionale isolasie;
4. Vernietiging van die wil om te veg;
5. Neutralisering van die weermag; en
6. Militêre magsoorname.

K.J. de Beer (1987: 28) meen dat, met inagnam van die epiese omvang van die Totale Aanslag, Suid-Afrika in 'n “war of ideas against everything” gewikkel was. Die Totale Aanslag soos deur die minderheidsregering gekonseptualiseer, was op alle denkbare sfere aktief. Vir Russiese sukses moes Suid-Afrika geïsoleer en sy weerbaarheid afgebreek word. Daarom dan is die plaaslike situasie dus volgens die minderheidsregering geëksploiteer en oordryf (De Beer 1987: 28).

Die feit dat die vyand enige middele op alle terreine gebruik het, het vir die regering veronderstel dat die staatsmasjinerie op alle terreine alle middele moes inspan om vyandigheid uit te snuffel en vyande te beveg. “South Africa’s government officials live in a world that they perceive to be fundamentally and increasingly hostile, to be encapsulated under the rubric ‘total onslaught’”, som Grundy (in Liebenberg 1990: 19) dit op.

In hierdie konteks was inligting van intrinsieke strategiese waarde, asook gevaar. Persepsies, waarheid en oortuiginge omtrent Suid-Afrika, apartheid, die regering en laasgenoemde se vyande was van deurslaggewende belang vir die regering, want hierdie politieke stryd was 'n oorlog van idees om die hart en siel van die mense. Die regering sou op elke vlak sy hulpbronne gebruik om hierdie allesomvattende bedreiging te beveg. Die media en politieke vryheid van spraak was geensins gevrywaar nie.

Die bogenoemde 1982-verslag plaas inligting en die verspreiders daarvan in 'n “aanslag op die sielkundige terrein” (INEG PV203. PS12/6/1). “Mass communication [was] seen as one element in an interacting system of forces, all of which taken together determine the capability of the notion to meet threats to its security,” was hoe Graeme Addison die media se veronderstelde plek in die Totale Strategie opgesom het (Jackson 1993: 23).

Die sielkundige aanslag, aldus die verslag, het op velerlei wyses gemanifesteer, onder meer die “wanvoorstelling van toestande in die RSA op buitelandse verhoë en media”. Die vyandige media was verantwoordelik vir die kweek van opstandigheid. “Dit is veral deur middel van sekere gedrukte media dat ’n berekende poging aangewend word om ’n rewolusionêre klimaat in Suid-Afrika te skep.” Hierdie negatiewe verslaggewing het vir die sekurokrate op die aftakeling van vertroue in die politieke maatskappy neergekom. As sulks het dit tot die Kommunistiese strategie om die teiken se wilskrag en weerbaarheid te erodeer bygedra. “Ons mag nie toelaat dat die inwoners en die massamedia van die RSA ’n verlengstuk van die vyandelike propaganda-masjien word nie” (INEG PV203. PS12/6/1). Die knyptang waarin vryheid van spraak in die 1980’s beland het, het ’n sekere klimaks van ’n bepaalde evolusie veronderstel. Dit was lank reeds omsingel.

Reeds in 1975 sê P.W. Botha dat die regering nie die pers wil inperk nie, maar “dan moet die pers darem ook nie vryheid anders vertolk as die gewone mens doen nie” (Meiring 1985: 140). Die Totale Strategie het in die 1980’s die nodige stukrag en regverdiging aan die regering gebied om vryheid van spraak uiteindelik te bedwing.

Onderliggend aan die grootse strategiese stryd was die realiteit dat die Nasionale Party met ’n legitimiteitskrisis gesit het. Die swart meerderheid was besig om teen die regering te mobiliseer. Liberale en konserwatiewe blanke groepering het die Party se ondersteuningsbasis verklein. In die buiteland was die apartheid-regime alewig in die kruisvuur. As deel van die Totale Strategie het die Botha-regering historiese hervormings (sonder om minderheidsbeheer op te offer) van stapel gestuur. Dit was van lewensbelang dat hierdie inisiatief die meerderheid – of ten minste baie – Suid-Afrikaners agter die regering sou verenig. Hiervolgens sou ’n populêre minderheidsregering die land se binnelandse en daardeur buitelandse posisie uitsonderlik verbeter. Dit was as sulks kardinaal dat die regime as die mees sobere en wysste opsie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse situasie beskou moes word. Hierin was die media kardinaal. Met die uitbreking van gewelddadige politieke konflik in 1984 het die media – as boodskapper en skakel met internasionale mening – ’n algaande deurslaggewende rol vertolk. Die media was ’n interpreterende tolk omtrent hoe ’n onstuimige Suid-Afrika in die breë beskou is, asook hoe die minderheidsregering se merendeels kragdadige hantering van die geweld deur ’n kritiese buitewêreld betrag is.

As deel van die Totale Strategie en as deel van die stryd van ’n illegitieme regeringsparty wat desperaat sy plaaslike en buitelandse aansien en dus posisie moes verbeter, was beheer oor die media as hekwagters van mening ’n brandende prioriteit. Vir die minderheidsregering, hetsy as strategiese wysgeer óf as ’n party wie se beherende voortbestaan in gedrang was óf as omstrede regime wat omstrede gewelddadige politieke konflik wou onderdruk, was die rol van die media as universele meningsvormer deurslaggewend (INEG PV 778. PLEG 24; Du Plessis & Olivier 1988: 46; Anon 1986: 30).

3. DIE REGULASIES

It is a common fact that it is part of the known and accepted doctrine of revolutionaries to use, and abuse, the instruments of democracy, such as freedom of speech and due process of law and others, in order to undermine and eventually overthrow the existing system. If one side has to play according to the Queensbury rules of democracy, while the other side plays according to the philosophy of no-holds barred, it becomes a rather one-sided affair. This has been the death of more than one democracy in history.

So het dr. Stoffel van der Merwe as adjunkminister van inligting en grondwetlike beplanning die minderheidsregering se politieke sensuur verdedig (Tyson 1993: 145). Hierdie propaganda-aanslag

het ingesluit dat die media, volgens die Kantoor van die Staatspresident, geweier het om “the great normality in our country” te dek. Eerder is daar moedswillig op enkele insidente gefokus en is dit uit verband geruk om verdere vyandigheid te stook (INEG PV 778. PLEG 6/326).

“Democracy cannot thrive without a responsible press. However, press freedom must be earned by an honest Press,” het dr. Stoffel Botha, minister van binnelandse sake, die noodsaaklikheid van regulasies verduidelik (Schneider 1987: 26). ’n Eerlike persman sou die reg tot vryheid van spraak verdien in soverre daar by die media-regulasies van die staat in sy stryd teen die Totale Aanslag gehou word. Die verkondiging van staatsgoedgekeurde inligting en die interpretering daarvan, en as sodanig die persepsies wat daardeur geskep word, was die begrensing waarbinne vryheid van spraak kon bestaan.

Die owerhede het onder meer deur regulasies gepoog om die media se toegang tot en versameling van inligting, asook die interpretering, voorstelling en verspreiding van inligting te beheer en dus bogenoemde begrensing in te stel. Daar het teen die begin van die 1980’s reeds ’n bolwerk van regulasies en wetgewing rakende die media bestaan wat periodiek versterk is. Die drakoniese Wet op Binnelandse Veiligheid van 1982 het byvoorbeeld ’n spesiale komponent insake die media gehad waarvolgens die regering ’n publikasie kon verbied (Suid-Afrika: 11).

Met die uitbreek van gewelddadige politieke konflik sou die regering die bestaande vlegwerk van maatreëls drasties uitbou. Oorspronklik, met die uitbreek van geweld in 1984, het die owerhede die media se dekking van die gewelddadige politieke konflik relatief ongehinderd toegelaat. Daar is gehoop dat hulle as die stabiliseerder in ’n swart-op-swart stryd beskou sou word. Dit het geboemerang omdat die buitewêreld apartheid en die minderheidsregering se kragdadige hardhandigheid vir die gewelddadige politieke krisis geblameer het (Venter 1989: 298).

Namate die geweld geëskaleer het, het die regering in 1985 ’n noodtoestand afgekondig wat onder meer implikasies vir die media ingehou het. In effek kon die polisie die media se toegang tot enige inligting insake die noodtoestand blokkeer, asook die bekendmaking van aangehoudenenes (Giffard & Cohen 1989: 6).

In weerwil hiervan het negatiewe dekking van die Suid-Afrikaanse gewelddadige konflik wêreldnuus gebly. Die regering het die buitelandse media herhaaldelik van ’n propagandistiese smeerveldtog beskuldig en dit as die rede vir onder meer sanksies verduidelik (Tomaselli 1987: 20). Die media se dekking van en teenwoordigheid by onluste is ook as rede voorgehou waarom die geweld voortduur (*Die Volksblad* 1985). In November 1985 waarsku die staatspresident buitelandse nuusmanne “not to go too far” (Tomaselli 1987: 20).

In 1986 het die regering van ’n ongekende aanslag op Suid-Afrika gewaarsku en in Junie 1986 is ’n nasionale noodtoestand ingestel. Media-regulasies is verder verskerp. Afdeling 7 van die regulasies het die polisiekommissaris magtiging gegee om enige area af te sper en daarin enige persoon te verbied om enige voorwerp in te bring en enige handeling uit te voer. Die veiligheidsmagte is beheer gegee oor “the control, regulation or prohibition of the announcement, dissemination, distribution, taking or sending of any comment on or news in connection with any conduct” van enige sekuriteitsbeampte (Suid-Afrika 1986). Dit was ook onwettig om ’n opname, ongeag medium of media, van enige gewelddadige oproerigheid te maak. Dit was ook onwettig om ’n subversiewe verklaring of opmerking te maak of op enige wyse op te neem of te verkondig of, ongeag in watter vorm of formaat, te besit. Wat presies met ’n subversiewe verklaring bedoel is, is nooit duidelik gestel nie. Dit het ingesluit enige kommunikasie wat ’n gevoel van vyandigheid teen enige Suid-Afrikaner kon skep. Die owerheid kon enige publikasie of rekord wat ’n subversiewe verklaring bevat het, konfiskeer (Suid-Afrika 1986).

Ongeag die omvang van die regulasies, het die owerheid dit in September 1986 verder uitgebrei. Dit was verbode vir enige verslaggewer, ongeag medium, om “within sight” van enige

geweldpleging, onwettige byeenkoms of veiligheidsoperasie te wees. Dit het onder meer ingesluit enige individu se inhegtenisname, asook “any action” wat dalk soos ’n veiligheidsoperasie mag voorkom (Cooper 1987:841). Die polisiekommissaris het verder ’n reeks onderwerpe as verbode vir verslaggewing verklaar, onder meer die omstandighede waarin ’n aangehoudene verkeer en ook die aangehoudene se vrylating. Terselfdertyd is sekuriteitsbeamptes onder die noodtoestand van wetlike aanspreeklikheid en openbare ondersoek gevrywaar (Cooper 1987: 841). Waar berigte en artikels gesny is, het die redakteurs dit oopgelos en aangedui hoe en waar inligting deur die owerhede gesensor is. Dit was ook nou verbode om selfs aan te dui waar inligting gesny is. Kort ná die regulasies se instelling is verskeie publikasies gekonfiskeer en 20 buitelandse verslaggewers uit die land gesit (Corrigall 1990: 13).

Die vlegwerk van regulasies het, soos die politieke geweld, aanhou groei. Met die afkondiging van die 1987-noodtoestand het die regering die regulasies versterk en geamalgameer. Hierna is Proklamasie no. R.123 ingestel. Vervolgens sou die minister van binnelandse sake ’n publikasie kon verban sou hy “van mening wees” dat dit subversief is (Suid-Afrika 1987). In 1988 het die regering die verpligte registrasie van publikasies gebruik om ongewenste stemme stil te maak. Die registrasiefooi was gewoonlik omtrent R10, maar toe die liberale Afrikaanse tydskrif *Vrye Weekblad* wou registreer, het die owerheid dit R30 000 gemaak (Cooper 1989: 552). Met die afkondiging van die 1988-noodtoestand het vryheid van spraak, of eerder die moontlike einde daarvan, ’n sekere klimaks bereik. Die regering wou ’n verpligte registrasie van joernaliste en nuusagentskappe instel. Slegs geregistreerdes sou nuus kon versprei. Die voorgestelde stelsel het intense en wydverspreide reaksie ontlok en is laat vaar. Die boodskap was egter duidelik (Jackson 1993: 132).

Ingevolge die regulasies soos dit in 1988 daaruit gesien het, was redaksionele onafhanklikheid direk aan die owerheid onderworpe. Die regering het die media verbied om die volgende te dek: veiligheidsoptredes; ontplooiing van die veiligheidsmagte; verbode byeenkomste; boikotte en stakings; alternatiewe strukture soos straathowe; verklarings van ingeperktes; aanhoudings; die toestand van aangehoudenes en hul vrylating; verbode organisasies; wit spasio as aanduiding van sensuur; enige opname of uitbeelding van enige veiligheidsoptrede; subversiewe opmerkings; toegang tot en teenwoordigheid by enige oproerigheid; asook enigiets verder soos deur die polisiekommissaris verklaar. Haas vanselfsprekend is die media ook op koverte wyse deur die staat geteiken (Jackson 1993: 132).

In die geheel gesien het die regulasies begin as baie beperkings, maar geëindig as min vryhede. Aanduidings van sensuur se toepassing was dalk verbode, maar die sensuurregulasies self kon nie verdoesel word nie. Die vae doolhof van regulasies het die apartheidge regering se beeld in sy opponente se oë as geheimsinnig en agterbaks net versterk. Die regulasies kon dalk met relatiewe sukses die gewelddadige apartheidskrisis van voorblaaie afhoud, maar kon die wêreld se beginselsaak oor apartheid en die beheerders daarvan nie verander nie. Geen nuus was allermens goeie nuus. Bombastiese aanvalle op die media as deel van ’n berekende komplot gemeng met indringende beperkings het die persepsie dat die minderheidsregering die desperate leiers van ’n piesangrepubliek was, onderstreep. Apartheidsgeweld kon in die media tot ’n mate gesensor word, maar nie die werklikheid van die stelsel nie. Die bepalinge van die regulasies self het ’n storie vertel. Gesnoerde monde in aanhouding het net soveel uitbasuin as enige verslaggewer se openbarings. Die regering se basiese ideaal was om deur middel van strenge sensuur en voorskrifte die goeie en positiewe van die Totale Strategie, die deurbrake en hervormings, as teenvoeter vir die veronderstelde sielkundige aanslag van die Totale Aanslag te bevorder. Die kragdadige dwang en geforseerdheid daarvan het dit egter ondergrawe.

4. DIE BURO VAN INLIGTING

Op 17 September 1985 is die Buro vir Inligting amptelik gestig. Die amptelike doel was die bevordering van 'n positiewe houding oor Suid-Afrika (Tomaselli & Louw 1989: 84). Die buro was die direkte resultaat van die regering en die media se swak verhouding. Hoewel amptelik bemark as 'n inisiatief van die regering om die vloeï van inligting te vergemaklik, was die meer strategiese doel voor die hand liggend. Brian Pottinger (1988: 415) het die buro met wat hy beskryf het as “politics of deception” verbind: “Pro-active deception included active steps taken by the State propaganda services – either covertly or openly – to disseminate information either complimentary to the government or critical of its opponents”. James Roherty (1992: 139) het gemeen die staat, deur die buro, “sends information to war”. Die buro was oorspronklik die staat se hoof-beeldbouer. Dit het inligtingsveldtogte insake veral die regering se hervormings onderneem en sekere propaganda-foefies van stapel gestuur (Tomaselli & Louw 1991: 85). Met die 1986-noodtoestand het die buro – bo en behalwe sy status as die staat se amptelike propagandis – ook die uitvoerende sensor geword. Dit sou die tempo van inligtingverskaffing beheer, asook die sterilisasie daarvan (Tomaselli & Louw 1991: 85).

Die buro was verantwoordelik vir die opstel en verspreiding van amptelike inligtingstukke omtrent die geweld. Verder moes al hierdie soort verslaggewing óf op die buro se daaglikse nuusstukke gebaseer wees óf aan die buro voorgelê word vir redigering en goedkeuring. Die buro het ook daardie verslaggewers wat van die regulasies afgedwaal het, vervolg (Tyson 1993: 250). Amptelik en tegnies, met inagnome daarvan dat die media die onrus verbied was, was die buro die naelstring tussen die gewelddadige konflik en die media. Die buro het inligting deur middel van sy daaglikse inligtingsessies bekend gemaak. Dit was van nuuswaardigheid gestroop en het meestal op die ontkenning van ooggetuie-verslae gesentreer. Selfs van die Afrikaanse koerante wat die regering goedgesind was, het van die buro se inligting as onwaar uitgejou (Jackson 1993: 146; Merrett 1994: 115). Die buro was ook as 'n reël opsigtelik stadig met inligtingverspreiding. Soveel so dat die hoofstroom-dagblad *Die Volksblad* in 1986 gekla het: “Dit wek egter 'n onhoudbare toestand as die wat hulle by die regulasies hou, so sigbaar ou nuus moet opdis” (Van Deventer 1998: 83). Verder was die buro en die veiligheidsmagte nie gekoördineer nie.

In navrae oor die mediaregulasies sou die polisie die joernaliste na die buro verwys en laasgenoemde weer terug na die polisie. 'n Persskakelingsentrum is in dié verband opgerig. In Desember 1986 is 201 navrae omtrent die goedkeuring van berigte ontvang – 19 is goedgekeur. Die res is óf afgekeur óf na verskillende staatsdepartemente verwys. Boonop het die buro 'n waarskuwing aan joernaliste gerig omtrent hul navrae. Selfs 'n blote navraag kon, ingevolge die noodtoestand-regulasies, dissiplinêre optrede ontlok (Jackson 1993: 146; Merrett 1994: 146; Tomaselli & Louw 1989: 85). Ongeag die feitelike korrektheid van die beriggewing, het die buro ook die weergee en inkleding daarvan geëvalueer.

Willem du Plessis en Nic Olivier (1988: 47) skryf: “Dit is nie soseer die feite wat 'n sielkundige klimaat skep nie as die manier waarop die feite geselekteer en aangebied word”. Selfs sekere terme, soos “riot torn” en “draconian”, was 'n waagstuk en moes vermy word. Die fokus van die buro op die redaksionele inkleding en die inhoudelike atmosfeer van nuus het die feit finaal blootgelê dat die minderheidsregering nie slegs gepoog het om veronderstelde leuens oor die Suid-Afrikaanse krisis uit te roei nie, maar inderdaad negatiewe kritiek – ongeag die feitelikheid daarvan (Merrett 1994: 115).

Die regering het geargumenteer dat dit nie met die waarheid gepeuter het nie. Intendeel. Dit wou akkuraatheid beskerm. Akkuraatheid het, vir die regering, egter nie net op die feitelikheid van inligting neergekom nie. Akkuraatheid het ook veronderstel of die oorgelewerde persepsies korrek

was. Dit is duidelik dat gebeure in Suid-Afrika beoordeel word aan die hand van persepsies en nie werklikhede en feite nie. Drogbeelde word opgetower. Denkbeeldige gesigte word beskrywe en die werklikhede word verdoesel en die feite onderdruk, het P.W. Botha in 1988 verklaar (INEG PV 203 4/2/176). Waar feitelik-gefundeerde, geregverdigde kritiek op die regering geëindig het en die sielkundige aanslag begin het, kon nooit uitgelê word nie. Vir Minister Chris Heunis was die antwoord sogenaamde konsensus-joernalistiek. Hiervolgens kon die media die gewelddadige politieke konflik dek, “but in its presentation the conflict must always be balanced with the existing potential and opportunities for consensus and co-operation” (De Wet 1986: 40).

Inligting en die boodskap wat dit oorgedra het, moes beheer word. Die regulasies het die media se toegang tot inligting beperk en die buro die skepping van inligting. Deurdat die regering gepoog het om gelyktydig media-dekking van die gewelddadige politieke krisis as self-verklaarde demokratiese bestel toe te laat en streng te onderdruk is dit ’n weerspieëling van die Botha-bestel se inherente teenstrydigheid. Deur epiese hervormings is die Suid-Afrikaanse samelewing oper gemaak, maar terselfdertyd was drakoniese beheer ’n algemene kenmerk. Die Driekamerparlement was veelrassig, maar ’n blanke instelling. Vryheid van spraak is toegelaat, maar nie verduur nie.

5. DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

Sedert die 1970’s het die hoofstroom-Afrikaanse pers en die Nasionale Party se noue vriendskap begin verander. Steeds kop in een mus, maar nie meer ’n Siamese tweeling nie. Die hoofstroom-Afrikaanse koerante van Nasionale Pers het die Botha-regering ondersteun en verdedig, maar nie blindelings as evangelie verkondig nie. Algaande het die kritiek meer sober geraak; die redaksionele meer onafhanklik (McClurg 1986: 79). Daar was verskeie redes waarom die eens ondeurdringbare kameraadskap versuur het. Een rede was die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK). Die Botha-regering kon dalk nie meer altyd op die Afrikaanse pers se vriendskap reken nie, maar die openbare uitsaaier was ’n betroubare handperd.

Met televisie en radio se onbetwiste mag en invloed is dit vanselfsprekend dat die staat hierdie persepsie-skepper met ’n ystervuis sou beheer. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se uitvoerende beleid is deur sy raad vasgestel. Al die raadslede is deur die staatspresident aangewys. Die uitsaaier het in 1986 sy loyaliteit aan die Totale Strategie, aan die staatspresident, eksplisiet verduidelik.

Die SAUK – en die hoofredaksie van Nuus en Openbare Aangeleenthede (radio en televisie) in die besonder – het sy taak nog nooit beskou as ’n blote weerspieëling van gebeure nie. Jare lank reeds word besef dat “neutrale” beriggewing – in soverre so iets moontlik is – nie ’n rigtinggewende bydrae lewer tot die oplossing van Suid-Afrika se vraagstukke nie (INEG PV 203. PS 15/23/1).

Die uitsaaier sou as teenvoeter vir die sielkundige aanslag dien deur sy nasionale gehoor “weerbaar te maak te maak teen aanstigting en misleiding – om hulle harte te verower in die anti-rewolsonêre stryd waarby Suid-Afrika teen wil en dank betrek is” (INEG PV 203. PS 15/23/1).

Die verslag verduidelik hoe dit aan swart gehore benadruk is dat, sou die African National Congress (ANC) aan bewind kom, die land in duie sou stort. Voorts ook dat die veiligheidsmagte onoorwinbaar is en dat burgerlike ongehoorsaamheid sou eindig in konfrontasie met die onoorwinbare magte. Die grusaamheid van die ANC se terreuraanvalle sou veral beklemtoon word terwyl die regering as die enigste opsie vir vrede voorgelê word. Terwyl dit nie slegte

nuus omtrent Suid-Afrika vanuit die buitewêreld kon ignoreer nie, is verduidelik, is dit altyd met die regering se “sterkmansbeeld” gebalanseer (INEG PV 203. PS 15/23/1). Selfs die rol van godsdienstige programme in die uitsaaier se strategie is onderstreep. *Die Bybel* se leringe omtrent wet en orde is gebruik om die regering se optredes te regverdig, asook om die immoraliteit van sanksies te verduidelik (INEG PV 203. PS 15/23/1).

6. SLOTSOM

Nie net positiewe nuus moet by die publiek uitkom nie... Ook negatiewe ontwikkelinge mag nie verswyg word nie, anders kan ’n situasie ontstaan soos die ou Rhodesië waar ’n deel van die bevolking geheel en al uit voeling met die werklike toestand in die land geraak het,

het *Die Burger* in 1987 gemaan (Beukes 1992).

The hon. State President can tell us till the cows come home that everything is quiet in the Black townships. How does anybody in the public know whether that is a true reflection of what is going on throughout the length and breadth of South Africa, when the media are not permitted to report unrest related incidents...?

het Helen Suzman in 1987 gevra (Hansard).

Dit was veral blanke Suid-Afrika wat onder politieke sensuur gely het. Prakties gesproke, ongeag die gesifte of amptelike weergawes van gebeure, was die swart bevolking midde-in die onrus. Sou hulle wou weet wat werklik aan die gang was, kon hulle eenvoudig by die venster uitkyk. Wou swartes weet wat in blanke geledere aan die gang was, kon hulle ’n Afrikaanse koerant lees.

Danksy apartheid se ontwerpers was die meeste blankes liggaamlik en sielkundig op ’n beskermde periferie van die gewelddadige onstuimigheid. Dit het, met die moontlike uitsondering van periodieke terreuraanvalle, as iets ver verwyderd bestaan. Dit was ook vir die minderheidsregering kardinaal dat hierdie toestand van sy kiesers so moes bly, en terselfdertyd vir die ANC om dit te verander. Die effek was dat hierdie beskermende kokon ook die blanke tot ’n halwe realiteit beperk het. Blankes was op hul pers, hul leiers en die openbare uitsaaier vir inligting aangewese. Met die kunsmatige lig tot hulle beskikking het die meeste blankes die storm en drang van die 1980’s met ’n verwronge toekomsblik beleef. “In many ways, then, Botha’s policies of deception merely weakened whites’ ability to understand their society and undercut their ability to plan intelligently for its future,” skryf Brian Pottinger (1988: 435).

Dit is ’n geykte cliché dat kennis mag veronderstel. Dit spreek ook tot die kruks van vryheid van spraak. Inligting, die basis van kennis, bemagtig. Beperking op die toegang tot inligting, ingesluit beperking op toegang tot verskillende bronne, of wat se vorm sensuur ook al mag aanneem, impliseer ontmagtiging. Miskenning van die individu se reg tot verkenning, vanuit sy/haar eie waardestelsel, van dit wat op sy/haar wêreld en werklikheid inwerk.

In situasies waar politieke sensuur plaasvind verteenwoordig diegene wat vryheid van spraak se aard en omvang bestuur ’n sekere kennis-elite. Hierdie groep het kennis wat die gewone burgerlikes, klaarblyklik vir hul eie beswil, nie in mag deel nie. Die beheerders se leiding en motivering vir optredes moet deur volgelinge aanvaar word deurdat hul beskik oor al die feite en noodwendig meer bevoeg en selfs wyser is.

Deur beheer van die vloei van inligting en toegang tot alle bronne, is dit moontlik om bepaalde persepsies omtrent die politieke situasie, in hierdie geval die politieke geweld en die aard en

omvang daarvan, by die bevolking, of ten minste 'n groterige gedeelte van die blanke gedeelte, in te boesem. Hierdie persepsies, waar dit aanvaar word, vorm nie slegs die basis van politieke, sosiale en ekonomiese besluite nie, maar in geen klein wyse behels dit die vertroue op bepaalde waardestelsels.

Verlies aan vertroue hieraan kan bydrae tot 'n uiteindelijke identiteitskrisis. Die oopvlek van wat politieke sensuur in Suid-Afrika toegehou het, soos wat in die 1990's gebeur het, veroorsaak maklik 'n wantroue omtrent dit waarop waardes gebaseer was. Oorvereenvoudig gestel: Onseker oor die verlede en as sulks ontuis in die hede.

Dit is 'n ope vraag of witmense, sou hulle in die 1980's ten volle ingelig gewees het, oor die algemeen enigsins anders sou opgetree het. Nietemin, die langdurige effek wat, onder andere, politieke sensuur op Suid-Afrika en dalk die witmense in die besonder gehad het, kan nie ontken word nie. Vryheid van spraak bring inderdaad die beste en die slegste kwaliteite van die mens na vore. Uiteindelik kan die moontlike slegte nie ten koste van die moontlike goeie onderdruk word nie. Vryheid van spraak veronderstel nie slegs die reg tot uitdrukking nie, maar die verantwoordelikheid tot blootstelling aan, selfs konfrontasie met, die slegte. Hieruit spruit katarsis waarvolgens selfstandige besluitneming kan plaasvind. Die opoffering van vryheid van spraak beteken die opoffering van vryheid. Die vrywillige opgee van vryheid van spraak beteken die vrywillige opgee van vrye wil.

BIBLIOGRAFIE

- Anon. 1986. Bureau defends restrictions on news media. *Paratus*, 37: 30.
- Beukes, W.D. 1992. *Oor grense heen - op pad na 'n nasionale pers 1948-1990*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Cooper, C. 1986. Emergency regulations. *South African Race Relations Survey*. Johannesburg.
- Cooper, C. 1989. Media regulations. *Race Relations Survey 1988/1989*. Johannesburg.
- Corrigall, J. 1990. *Subverting apartheid - education, information and culture under emergency rule. Fact Paper No. 17*. London: International Defence and Aid Fund for Southern Africa.
- De Beer, K.J. 1987. The total onslaught against the republic of South Africa as a bastion of the free Western World. *Die Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 2(1): 28-48.
- De Wet, J. 1986. Mass media and political upheaval: the need for rational discourse. *Equid Novi*, 7(1): 33-43.
- Die Volksblad*, 9 Augustus 1985.
- Du Plessis, W. & Olivier, N. 1988. Persvryheid - quo vadis. *Equid Novi*, 9(1)3 :46-47.
- Giffard, A. & Cohen, I. 1989. South African TV censorship: does it reduce negative coverage? *Journalism Quarterley*, Spring: 5-11.
- INEG (Instituut vir Eietydse Geskiedenis). 1980-1982. *P.W. Botha-privaatversameling*. PV 778. PLEG 24; PV 203 4/2/176; PV 203. PS 15/23/1.
- INEG (Instituut vir Eietydse Geskiedenis). *Louis le Grange-privaatversameling*. PV 203. PS 12/6/1; PV 778. PLEG 6/326.
- Jackson, G.S. 1993. *Breaking story - the South African Press*. Boulder: Westview Press.
- Liebenberg, I. 1990. *Ideologie in konflik*. Pretoria: Taurus.
- McClurg, J. 1986. Toeing the line. *Leadership SA*, 5(6):76-79.
- Meiring, P. 1985. *Waagmoed beloon*. Johannesburg: Perskor.
- Merrett, C. 1994. *A culture of censorship: secrecy and intellectual repression in South Africa*. Cape Town: Philip.
- Pottinger, B. 1988. *The imperial presidency: P.W. Botha the first ten years*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Roherty, J. 1992. *State security in South Africa: civil-military relations under P.W. Botha*. London: Sharpe.
- Schneider, M. 1987. The last word. *Leadership SA*, 6(5): 22-26.

- Stemmet, J.A. 2000. *Privaatversameling. Onderhoud met P.W. Botha, 13 Oktober 2000 te Wildernis*.
- Suid-Afrika. 1957. *Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake Ongewenste Publikasies*. U.G. No. 42 van 1957. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1982. *Wet op Binnelandse Veiligheid*. Wet no. 74 van 1982, *Staatskoerant*, 9 Junie 1982. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1986. Proklamasie no. 10280, *Staatskoerant*, 12 Junie 1986. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1987. Hansard, 4 Februarie 1987. Col. 262. Pretoria: Staatsdrukker.
- Suid-Afrika. 1987. Proklamasie no. R.123, *Staatskoerant*, 266(10880), 28 Augustus 1987. Pretoria: Staatsdrukker.
- Tomaselli, K. & Louw, E. 1989. The South African Progressive Press under emergency, 1986-1988. *Equid Novi*, 10 (1 en 2): 70-94.
- Tomaselli, K. & Louw, P.E. 1991. *The alternative press in South Africa*. London: Anthopos Publishers.
- Tomaselli, R. 1987. A pressing emergency. *Indicator SA*, 4(3) Summer: 19-22.
- Treurnicht, A.P. 1966. Liberalisme en Kommunisme en Oorlog om die Volksiel. Referate gelewer by die *Internasionale Simposium oor Kommunisme, September 1966 te Pretoria, Potchefstroom*.
- Tyson, H. 1993. *Editors under Fire*. Sandton: Random House.
- Van Deventer, H. 1998. *Kroniek van 'n koerantman*. Welgemoed: Tarlehoet.
- Venter, A.J. 1989. *Challenge: South Africa within the African revolutionary context*. Gibraltar: Ashanti.
- Vorster, J.D. s.a. *Kommunisme die Vuurrooi Draak*. Roodepoort: Baanbreker Uitgewers.